# Die vyf en sewentigste verjaarsdag van die Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria 1917-1992

**Gelukwensing van die voorsitter**
van die Kuratorium vir die Teologiese Opleiding

Dit spreek vanself dat die Kuratorium vir die Teologiese Opleiding by die viering van die vyf en sewentigste bestaansjaar van die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria met net soveel dankbaarheid, vreugde en trots daaraan wil meedoen as die Fakulteit self.

Vyf en sewentig jaar is vir 'n teologiese fakulteit relatief jonk. Selfs in 'n jong land soos Suid-Afrika is dit waar. Tog kan met groot en nederige dankbaarheid, maar sekerlik ook met trots teruggekyk word na wat in dié tydperk gebeur het en vermag is. Honderde predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk het hier 'n deeglik wetenskaplik gefundeerde teologiese opleiding en vorming ondergaan. Dit het ongetwyfeld voldoen aan die ideaal wat die Hervormde Kerk ten opsigte van sy opleiding vir predikante gestel het. Ook het die Fakulteit sedert sy stigting 'n betekenisvolle bydrae gelewer tot die handhawing, bewaring en uitbouing van die Bybels-reformatoriese teologie binne die Nederduitsch Hervormde Kerk in die besonder, maar ook in breër verband in Suid-Afrika. Daar was en word in die buiteland kennis geneem en erkening verleen aan die wetenskaplike arbeid wat vanuit die Fakulteit gelewer is en steeds gelewer word.

Binne die raamwerk van die Universiteit van Pretoria het die Fakulteit sy beskeie maar besliste bydrae gelewer om die Universiteit te help opbou en uitbou tot waar hy vandag staan. Dit kan nie anders as dat die werk en die persone wat sedert die stigting tot vandag aan die Fakulteit verbonde was en is, in herinnering geroep en dankbaar erken sal word nie.

Voor alles en bo alles kom alle eer egter aan die Here God toe onder wie se seënende hand die werk verrig kon word. Nederig bid ons dat Hy ook in die toekoms sy hand oor die Fakulteit sal hou tot eer van sy Naam.

Professor S J Botha
Voorsitter van die Kuratorium vir die Teologiese Opleiding
Maart 1992